


***Ons leef met Stof en Asem, Beendere en die Beeld van God***

**Tema:** Werklik Mens - Sewe Stories van Oorsprong
**Teksgedeeltes:** Genesis 1:26-28; Gen 2:7 en Psalm 8

**INLEIDEND**
Wat is die mens? vra die Psalmdigter. Hierdie is een van die oudste en mees dringende vrae van die mensdom.
Reeds van die vroegste eeue af het filosowe soos Sokrates, Plato, Aristoteles hiermee geworstel. Hierdie vraag spoel oor in die denke van die vroeë kerk en iemand soos Augustinus (354-430) het sy lewe aan die vraag gewy. Hy begin sy bekenede belydenis met die woorde: "U het ons vir U gemaak en ons harte is onrustig totdat dit rus vind in U." Thomas Aquinos sê die mens is liggaam en siel en is geskape om God te ken en lief te hê.

As ons dan kyk na die tyd van die Rennaisance en die Verligting dan sien ons hoe die fokus geskuif het van God na die vermoëns van die mens. Daarom die bekende aanhaling van Descartes: "Ek dink daarom is ek", en die mens word eintlik hiermee gereduseer tot n denkende wese.
In die moderne tyd word die vraag: Wat is die mens? beantwoord deur o.a Charles Darwin, Sigmund Freud en Karl Marx. In dié tyd word die mens se identiteit bepaal deur biologie, ekonomie of die sielkunde. Dan in die Post-Moderne tyd vra mense: Is daar so iets soos 'n vaste menslike natuur? Skep elke mens nie sy eie identiteit nie? Mense word al meer gesien as iemand wat homself definieer.

Nou is ons in die era van Tegnologie en Kunsmatige Intelegensie (AI). Die vraag bly: Wat is die mens? As AI kan skryf, redeneer, skilder, diagnoseer, musiek komponeer...wat bly uniek aan die mens?

Vir baie lank was die rede die antwoord. Nou ontdek ons dat intelligensie alleen is nie voldoende om menswees te definieer nie. Daar is 'n nuwe dringendheid vandag rondom die vraag: Wat is die mens? As masjiene al hoe meer soos mense kan dink en praat en skep wat maak die mens nog uniek? As AI kan presteer beter as ek, hoe het my lewe nog betekenis? As 'n masjien my werk kan doen, wat bly van my identiteit oor?

Etiese vrae ontwikkel. Ons leef in 'n wêreld waarin mense dikwels soos

masjiene behandel word, terwyl ons masjiene soos mense behandel.

Die grootste gevaar is nie dat AI mens word nie, maar dat mense al hoe minder mens word...
- Minder teenwoordig
- Minder luisterend
- Minder empaties
- Minder verwonderd

Daarom ook nou in ons tyd en era die vraag: Wat is die mens? Wie is ek? Wat beteken dit om mens te wees?

Wanneer ons na die skeppingsverhale in Genesis 1 en 2 kyk, sien ons Genesis sit 2 waarhede langs mekaar:

Die mens is geskape na God se beeld (Gen 1) – Ons is God se verteenwoordigers met ’n diep gewortelde identeiteit en roeping. Maar ook, die mens is geskape uit die stof (Gen 2) van hierdie aarde.

Genesis sit 2 waarhede langs mekaar wat op die oog af teenstrydig lyk...Beelddraers en Stof.

In ’n boek van Martin Shaw, Liturgies of the Wild skryf hy: “We humans were mud people with a kind of holy breath that had swept through us. It seemed both earthy and elevated, both at the same time. As an image it seemed more like a cave painting than a Leonardo da Vinci sketch.”

Die geheim van mens wees lê juis hierin:
- Tegelyke tyd beelddraer en van stof
- Heilig en gebroke
- In verganklikheid en ewigheid

En die kuns van mens-wees lê juis daarin dat mens nie die spanning wil probeer oplos nie, maar daarin leef.

Die spanning van heiligheid en gebrokenheid word pragtig beskryf deur Henri Nouwen: "Ons is tegelyk glorieryke kinders van God en diep gewonde mense." Ons is geliefd en ons is gebroke, en beide is waar.

Luther beskryf die Christen as: "Terselfdertyd geregverdig en sondaar."

**Afsluiting**
Die Bybel nooi ons om onsself met twee oë te sien. Met die een oog kyk ons na Genesis 1 en Psalm 8 en onthou dat ons na God se beeld geskape is, met eer en heerlikheid gekroon en geroep om sy skepping te dien. Met die ander oog kyk ons na Genesis 2–3 en Psalm 103 en erken ons dat ons stof is: broos, afhanklik en deur sonde verwond. Ware geestelike volwassenheid lê nie daarin om een van hierdie waarhede te kies nie, maar om albei tegelyk te omhels. In Jesus Christus, die volmaakte Beeld van God, ontmoet hierdie twee werklikhede mekaar. Hy bevestig ons onvervreembare waardigheid en dra terselfdertyd ons gebrokenheid, sodat die beeld van God in ons deur die werk van die Heilige Gees al hoe meer herstel kan word. Die kuns van die lewe is om te dans tussen ons heiligheid en ons gebrokenheid.

**GEBEDSPRAKTYK:**
Ons moedig lidmate aan om in die tyd wat ons met die reeks besig is hierdie Gebedspraktyk te beoefen:

Word stil...raak bewus van God se teenwoordigheid by jou en in jou...Wie is dié God? Verbeel jou Hy kyk na jou? Hoe kyk Hy na jou? Wat is die uitdrukking in sy oë? Wat dink jy voel Hy terwyl Hy na jou kyk?

Is daar iets wat jy graag vir Hom wil sê?
Is daar iets wat Hy dalk vir jou wil sê?
Rus ’n ruk lank in sy liefdevolle blik...

**VIR KLEINGROEPE:**
Ons ontmoet mekaar:
Deel met mekaar hoogtepunte en laagtepunte van die afgelope week...
Ons Ontmoet God:

Steek ’n kers aan in die groep as simbool van God as die Lig in ons wat teenwoordig is.
Doen die gebedsoefening saam wat ons in die tyd inoefen...

Ons deel met mekaar:

- Wat van verlede week se tekste en die erediens het jou veral geraak? Gee elke groepslid geleentheid om te deel.
- Lees nou die komende week se teks en laat elkeen deel wat hulle daarin hoor.
- Hoe help die teksgedeelte ons om te dink oor mens-wees vandag?

Ons sluit af:
Laat die groep deel hoe hulle in die komende week vir mekaar kan bid en ondersteun.